higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE POLISIËRING
NKR VLAK 4

(8011024)

17 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

NOTA: As jy meer as die verlangde aantal vrae beantwoord, sal slegs die verlangde aantal nagesien word. Skrap alle werk wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A, B, en C.
2. Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING D.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in die hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK.

1.1 Misdaadvoorkoming behels die voorkoming op die …

A Primêre, sekondêre en tersiêre vlak.
B Primêre en sekondêre vlak.
C 1ste, 2de en 3de vlak.
D 1ste en 2de vlak.

1.2 Die 24-uur dossier-inspeksie moet vir die volgende voltooi word:

A Alle gerapporteerde griewe wat by ’n Suid-Afrikaanse Polisiestasie aangemeld is.
B Alle sake wat by ’n Suid-Afrikaanse Polisiestasie aangemeld is.
C Alle gerapporteerde oortredings wat vereis dat ’n dossier geopen word.
D Alle gerapporteerde motorvoertuigongelukke.

1.3 Die voordeel van die vennootskap tussen die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en betrokke rolspelers is …

A beter gebruik van hulpbronne om op misdaadprobleme te reageer.
B om programme in die SAPD te begin.
C beter gebruik van sekuriteitsfirmas se menslike hulpbronne.
D ’n styging in gekwalifiseerde oudits.

1.4 Die rangstruktuur van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) bestaan uit … range.

A nege
B tien
C elf
D twaalf

1.5 Die vaardigheids- en vreesfiksheidstoets bestaan uit ... dele.

A nege
B tien
C elf
D twaalf

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Kies ’n term uit KOLOM B wat pas by ’n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Afskrikking	A	’n ondervraging- en inligtinguitruilsessie
2.2	Meineed	B	om iemand van ’n misdaad aan te kla en hulle te verhoor
2.3	Moraal	C	die persoon wat die arrestasie maak
2.4	Kweek	D	vrees vir buitelanders
2.5	Visbak-effek	E	onveranderlik of onveranderd
2.6	Vervolg	F	selfvertroue en entoesiasme
2.7	Xenofobie	G	polisie-sigbaarheid
2.8	Arresteerder	H	lieg onder eed
2.9	Onveranderlik	I	beginsel oor wat reg en verkeerd is
2.10	Ondervraging	J	om iets verkiesliks aan te moedig
		K	om iets te verhoed deur ’n dreigement te gebruik
		L	om vry te stel of te laat gaan
		M	vrees vir kontaminasie

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

3.1 Onoplosbare vesel is ’n vesel wat in water oplos.

3.2 Die polisie is die ondersteuningsvennoot in misdaadvoorkoming.

3.3 Die term ‘magvermenigvuldiger’ (‘force multiplier’) kan na die verskillende takke van die polisiediens in die land verwys.

3.4 Die Direktoraat vir Prioriteitsmisdaadondersoek (Hawks) werk direk onder die Nasionale Kommissaris.

Kopiereg voorbehou

3.5 Daar is VIER tipe diabetes.

3.6 In die sosiologiese model fokus navorsers op die oortreder se armoede, opleiding en indiensnemingsprofiel.

3.7 Misdaadondersoek en misdaadopsporing word lukraak as sinonieme in die literatuur gebruik.

3.8 Eksterne faktore vir 'n organisasie kan as sterkpunte en bedreigings geklassifiseer word.

3.9 In Suid-Afrika word 'n aangeklaagde se regte direk in die hoogste reg van die land gedek.

3.10 Eksentriese spier-aksie is ook bekend as negatiewe opleiding.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK.

inligting; ingrypings; vraelyste, kriminele reg; sekondêre misdaadvoorkoming; staande orders; data; individualisering; tersiêre misdaadvoorkoming

4.1 Polisiëring kry leiding van die reg, regulasies, 'n gedragskode en …

4.2 Reaksies fokus doeltreffend daarop om 'n probleem te hanteer en word ook ... genoem.

4.3 … fokus op individue en situasies wat vroeë tekens van die probleem vertoon.

4.4 Kriminele ondersoekers behaal die basiese oogmerk van misdaadondersoek, naamlik … deur vergelyking.

4.5 … is onverwerkte, onontlede getalle en feite oor gebeure.

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Noem VYF elemente wat ingesluit is in unieke gedrag (‘trademark signature’) of ’n modus operandi wat gebruik kan word om misdadigers te identifiseer. (5)

5.2 Verduidelik die voordele van ’n rekenaargesteunde aanbiedings- (CAP) metode wanneer ’n aanbieding vir die gemeenskap gedoen word. (5)

5.3 Verduidelik die doel en oogmerk van ’n misdaadondersoekplan. (5)

5.4 Konstabel White is genomineer as die top ondersoekbeampte by haar polisiestasie. Sy sal ’n trofee tydens ’n medaljeparade ontvang.

Verduidelik die prosedure wat Konstabel White moet volg wanneer sy die trofee van haar hoof gedurende die parade ontvang. (10)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C

VRAAG 6

6.1 Bespreek die proses wat die polisie moet volg wanneer ’n misdaadvoorkomingsprobleem ontleed word. (5)

6.2 Beskryf die term *kollektiewe mobilisering van hulpbronne*. (4)

6.3 6.3.1 Identifiseer VIER tipe hulpbronne wat aan polisiëringsagentskappe beskikbaar is. (4)

6.3.2 Gee ’n VOORBEELD van elk van die hulpbronne wat in VRAAG 6.3.1 genoem is. (4)

6.4 Verduidelik die term *nominale groeptegniek* wat die polisie gebruik om ’n gebeurlikheidsplan te ontwikkel. (2)
[19]

VRAAG 7

7.1 Noem DRIE belangrike ondervragingstegnieke. (3)

7.2 Identifiseer enige DRIE omgewings wat deur die PESTLE akroniem gedek word. (3)
[6]

TOTAAL AFDELING C: 25

AFDELING D

Beantwoord slegs EEN van die volgende vrae (VRAAG 8 of VRAAG 9) in die ANTWOORDBOEK.

VRAAG 8

Peter Mokgorong is ’n konstabel by Atteridgeville Polisiestasie. Hy werk in die Gemeenskapsdienssentrum, maar hanteer ook klagtes terwyl hy op patrollie is. Hy het ekstra pligte by die misdaadvoorkomingsafdeling en werk saam met ’n paar ondersoekers om ervaring in die onderskeie velde en afdelings te kry.

8.1 Identifiseer die verskillende operasionele verslae wat Konstabel Peter op ’n daaglikse basis kan voltooi. (4)

8.2 Bespreek elkeen van die operasionele verslae wat in VRAAG 8.1 genoem word. (16)
[20]

OF

VRAAG 9

9.1 Konstabel Peter Mokgorong word na ’n misdaadtoneel uitgeroep. Hy en sy kollega is die eerste polisiebeamptes wat op die toneel aankom en hulle stel vas dat dit ’n moordtoneel is.

Verduidelik die verantwoordelikhede van Konstabel Mokgorong en sy kollega wanneer hulle by die toneel opdaag. (5)

9.2 Die speurder vra Konstabel Peter Mokgorong om hom te help en hulle begin om ’n saakdossier op te stel.

Verduidelik watter elemente Konstabel Mokgorong moet insluit en in die volgende bladsye van die saakdossier moet insluit en verduidelik waarom.

- Buitedekblad
- Die EERSTE binne-afdeling (Knip A)
- Die DERDE binne-afdeling (Knip C)

(15)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou